

Donderdag 13 April

Skrifgedeelte: Efesiërs 4:1-6

Fokusgedeelte: Efesiërs 4:1, 4

Oproep om die eenheid van die kerk te handhaaf

Ken jy die uitdrukking in Latyn: *Ora et labora*? Dit beteken: Bid en werk. Kniegend in **gebed** vir die kerk om in verhouding met God te groei (3:14-21), is die eerste hoofdeel van hierdie brief tot konklusie gebring. Hieruit spruit die oproep van die tweede hoofdeel voort (4:1 – 6:20). Dit spits daarop toe wat gelowiges daad-werk-lik te doen staan – beginnende by die oproep om die eenheid van die kerk te handhaaf (4:1-6).

Gelowige-wees beteken om binne die eenheid van die kerk, voortvloeiend uit die eenheid van die Drie-enige God, gereken te wees. Die kerk, bestaande uit gelowiges uit alle volke, is één liggaaam (van Christus); word deur één Gees in één geloof en hoop op die één Here (Christus) as Hoof gerig; is in die Naam van Hom gedoop ter verséëling van die beloftes van die evangelie. Één God is die Vader van almal tot geloof in Hom gebring. Gedagtig aan die gebed knielend voor “die Vader aan Wie die hele gemeenskap van gelowiges sy bestaan te danke het” (3:15), kom die eer Hom, die Seun en die Heilige Gees toe vir saamgebond wees in die eenheid van die kerk.

Die voorafgaande lê ten grondslag aan die vermaning om in opvolg van gebed tot die doen daarvan oor te gaan om die eenheid van die kerk in die praktyk van gelowige-wees te handhaaf. Hierdie oproep begin met 'n leefstyl in balans met die roeping van God ontvang. 'n Lewenswandel in disharmonie met God se genadewerk staan teenoor die bevordering van die eenheid van die kerk. Hierby staan die oproep tot nederigheid en geduld, om mekaar in liefde te verdra en in vrede met mekaar te lewe in belang van die eenheid van die kerk.

Niemand is hierin volmaak nie. Onderlinge verskille, en oorhoops wees met mekaar om oor die weg te kom, bedreig en versteur die eenheid van die kerk. Hierteenoor staan: *Ora et labora*. Dit beteken om deur die krag van **gebed te doen** wat deur die één God en Vader daartoe geroep, in diens van die oproep tot handhawing van die eenheid van die kerk staan.

Sing: Psalm 122-1:2

Ds. EJ Tiemensma (Eddie) (emeritus)